

Qua Vadis?

EVANGELISASIEBLAD VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA

Geregistreer by die poskantoor as nuusblad

NR. 233

(Geen datum)

God ís daar

* * * * *

"U, Here hou oor ons wag"

(Psalm 12:8)

Uitgegee deur die Deputate vir Evangelisasie van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, Posbus 20008, Noordbrug 2522, Potchefstroom en gedruk deur die Potchefstroom Herald (Edms.) Bpk., Posbus 156, Potchefstroom 2520.

Die belydenis van ongeloof

"Die goddelose sê: Daar is geen God nie."
"God vra tog geen rekenskap nie!"
"God steur Hom nie (aan my sonde) nie,
Hy kyk weg,
Hy sal dit nooit raaksien nie." (Ps. 10:4, 11)

Hier in Ps. 10 beskryf die psalmdigter die gesindheid wat in die gemoed van die ongelowige bestaan.

Die belydenis van hulle ongeloof word hier breedvoerig uiteengesit:

- Dié mense wat vol is van hulleself en wat sluwe planne uitdink,
- wat hulleself verlustig in hul eie verryking ten koste van andere,
- wat hulle naaste verdruk en bedrieg,
- wat onheil en onreg bedink,
- wat die onskuldiges voorlê en die hulpeloses vang,
- wat gewetenloos en ongevoelig God en sy medemens verag,
- en wat daarby glo dat God geen rekenskap sal vra nie, en die sonde nie raaksien nie.

Mense wie se lewe en optrede gekenmerk word deur sorgeloosheid, roekeloosheid, sedeloosheid en onbewoënheid — en wat boonop nog voorspoedig is in hulle onderneming.

Waarskynlik ken u ook sulke mense. Moontlik het u al met hulle te doen gekry. Dalk herken ons iets hiervan in onself!

Want dit is baie moontlik dat hierdie ongeloofsgesindheid kan skuil in die hart van dié persoon wat op die oog af Christelik en voorbeeldig voorkom.

Dit gebeur dikwels dat die belydenis van die geloof gereserveer word vir gesette tye en bepaalde geleenthede — maar dat die lewe en optrede van elke dag niks anders is as 'n belydenis van ongeloof nie.

SELFONDERSOEK

Elkeen wat ernstig hieroor nadink en vir 'n wyle selfondersoek doen, moet erken dat hy nie sonder meer vrygespreek kan word van sodanige vergrype nie. Daar kom oomblikke in elke mens se lewe dat so 'n ongeloofsgesindheid jou selfs wil oorheers — dikwels sonder dat ons dit agterkom.

- Dan dink en handel ons asof God blind is vir die onreg en doof vir die ontering van sy naam.
- Dan tree ons op asof die Here ver en eenkant, afgesonder van ons is, en asof ons geen verantwoordelikheid teenoor Hom het nie.
- Dan ontstaan die gedagte dat God Hom selde met die wêreld bemoei, en dat Hy ons mense aan onself oorlaat.
- Dan probeer ons maar self, onafhanklik, met eie vermoëns iets tot stand bring.
- Dan glo ons naderhand dat ons gebede vrugteloos is, dat die Here daarop geen ag slaan nie, en ons laat dit na. Ons lei 'n biddelose lewe, waarin die omgang met God al hoe meer verflou.

IS GOD DAAR?

En uiteindelik spreek ons hele lewenswyse van die oortuiging dat God afwesig is, dat Hy weinig met ons te doen het, en dat ons daarom ook nie veel aandag aan Hom hoef te bestee nie.

En spoedig word dit 'n openlike belydenis van ongeloof: “Daar is geen God nie. Hy vra geen rekenskap nie. Hy sal my sonde nooit raaksien nie.”

Die ongelowige hart weerspieël 'n gesindheid van: Laat God los, en doen wat jy wil.

DIE BYBEL

Die Woord van die Here ontmasker egter hierdie ongeloofsoortuiging aan sy armoede en waardeloosheid:

Ps. 10 spreek nie net van die belydenis van die ongelowige nie, maar veral ook van die gelowige:

"U het die gesmeek van die hulpeloses gehoor, Here.
U gee hulle nuwe moed.
U verhoor hulle gebed,
U behartig die regsak van die weeskind en van die mens in nood ..." (vs. 17 en 18).

God sê vir ons: "Jy moet nooit dink dat Ek nie hoor of sien nie. Inteendeel, die wêreld en jou lewe ontgaan nooit my alsiende oë nie. Al is dit so dat Ek in ontoeganklike lig woon, en dat my troon omgewe is deur wolkedonkerheid — tog staan Ek midde in die wêreld. Deur my almagshand word alles bestuur."

Daarom mag jy nooit toegee aan die sondige neiging van selfgenoegsaamheid, die goddelose begeerte om onafhanklik van My te probeer wees of die trekrag van die ongelowige wêreld nie.

Maar jou hele wese moet deurdring wees van die oortuiging: "Wie in die Here glo en op Hom vertrou, sal nie beskaamd staan nie, en word nie met leë hande weggestuur nie. Die Here luister na ons smeking."

Hy gee nuwe moed.

Hy verhoor ons gebed.

Dit het Hy belowe, en in Jesus Christus ons Here, aan ons bewys. Ons mag daar nooit aan twyfel nie.

En dan is ons antwoord 'n geloofsantwoord, en ons belydenis spreek van 'n vaste geloofsoortuiging — reg téén die ongeloofstandpunt van die wêreld in —

"Die Heer is daar, Hy hou die wag; so gaan die donker uur dan om;
Hy red wanneer die vroeë dag goudglansend oor die berge kom!"

— Ds. Pieter van der Walt

Vlug tot God

Wanneer vlug 'n mens? En waarheen vlug 'n mens?

'n Mens is op vlug wanneer jy besef dat jou omstandighede om voort te lewe totaal en al onmoontlik geword het. 'n Vlugteling probeer dus wegkom van sy noodsituasie.

Wanneer iemand vlug, soek hy die eerste en beste heenkome wat hy ken op. Die Psalmdigter van Psalm 11 gebruik die pragtige beeld van voëls wat die berge het as hulle beskutting in nood.

Jy het dit tog seker al self opgemerk; as 'n skoot knal in die vlakke, dan vlieg al die voëls berge en rante toe. Hulle ken die veiligheid wat dit kan bied. Daarom vlug hulle soontoe. Die vraag is:

- Waar vlug jy in tye van nood heen?
- Wat is by jou die mees kenbare beskutting?
- Waar skuil jy in hierdie korrupte wêreld waar selfs sy fundamente omgegooi is?

Die omgegooide fundamente is 'n aanduiding dat die basiese reg en regverdigheid wat in die samelewing behoort te geld, ook nie meer seëvier nie.

Baie mense vlug na ander mense.

- Sommige vlug vanaf die platteland na die stede.
- Ander vlug weer vanuit die stede na 'n plaas toe.

Indien dit ook die enigste beskutting is wat jy ken, dan kom jy nog die belangrikste kennis kort, naamlik die kennis van die Here die Verbondsgod as ons enigste en volkome beskutting.

Hierdie kennis word ons geleer in Psalm 11 waar Dawid met groot erns verklaar dat hy by die Here skuil en daarom sy vriende se raad verwerp om elders sy beskutting te vind. Die gelowige voel algeheel veilig by die Here op wie hy alleen vertrou. Die Here is immers bo die fundamente van hierdie wêreld verhewe.

Jesus Christus is die bewys dat God die mens se enigste skuilplek in nood is. Deur wat met Jesus gebeur het, het dit gelyk asof die onreg volkome gaan oorwin. As onskuldige word Hy skuldig verklaar; as Een sonder smet, word Hy openlik gespot en beledig en weggelei om gekruisig te word. By Hom is die fundamente inderdaad omgegooi.

Deur dit alles het Jesus nie weggehardloop of teen die onreg in opstand gekom nie. Hy het op Sy pos gebly en selfs deur die onreg gesterf aan die kruis, maar Hy het dit oorwin deur uit die dood op te staan vanuit die krag van sy Godheid. Vir elkeen wat in Christus glo is daar dus nou opnuut nuwe fundamente gevestig.

As jy jou huis op hierdie nuwe fundamente bou, dit wil sê as jy in Jesus Christus glo as jou enigste Verlosser en Saligmaker, sal jy nie meer 'n voortvlugtende wees van skuilplekkie na skuilplekkie nie.

- Dan sal jy, omdat jy by die Here skuil, in sekerheid en vreugde by die Here leef.
- Dan sal die Gees van God jou lei om jou lewe elke dag volgens sy Woord in te rig.

— **Ds. Sarel Cilliers**

VERTROUWEN IN GOD

So baie keer word 'n mens se vertroue in iemand geskok

. . . jy word bang om iemand verder te vertrou.

. . . Ja, mense kán vertroue skok

. . . mekaar mislei

. . . vir mekaar lieg

Daarteenoor sê Psalm 12:7: "Daar is niks vals in wat die Here sê nie" . . .

— niks vals nie

— totaal betroubaar

— sonder misleiding of bybedoelings.

— Wat Hy sê . . . is waarheid!

En die Here praat met ons deur die Bybel . . . Sy Woord! Die Bybel is dus opreg en betroubaar en werd om ten volle aangeneem te word — sê Paulus vir Timoteus.

Is dit nie genade om nog iets en iemand in hierdie lewe te hê waarop jy ten volle kan vertrou nie?

Só is God se Woord

— gesuiwer en gelouter

— opreg en betroubaar. Só kan ons met die Bybel omgaan. Dis God se Woord aan jou . . .

— God se Verlossingswoord vir elke Sondaar.

Daarom moet die mens sy verantwoordelikheid nakom deur volgens die riglyne van die Bybel te leef!

— **Ds. Nico Ligthelm**

Kennis van God

Elke mens het in 'n mindere of 'n meerdere mate kennis van die Hemelse Vader en ken Hom op die volgende wyses:

- + as die *Ewige God* . . . nie geskape nie; ook nie gebore nie; van ewigheid tot ewigheid God; sonder begin of einde is Hy God;
- + of as die *Onsienlike God* . . . dat Hy as Gees onsigbaar is en tog by ons is;
- + daarom as die *Alomteenwoordige God* . . . wat oral én altyd in en by die mens is;
- + of as die *Onveranderlike God* . . . wat regverdig en vas is in sy besluite en voorneme en in sy absolute wysheid onveranderlik is, omdat Hy nie 'n fout kán maak of 'n verkeerde besluit kan neem nie (Jak 1:17).
- + of as die *Oneindige God* . . . wat nie begrens of ingeperk kan word in tyd of ruimte nie;
- + of as die *alwetende God* . . . wat jou hart en gedagtes en woorde ken . . . selfs nog voordat jyself weet wat jy gaan sê (Ps. 139).

Só ken ons God en die lys kan sekerlik nog langer gemaak word. Maar geliefde leser! 'n Mens kan God slegs leer ken, as Hy Homself aan jou openbaar. Jy kan tog nie 'n vreemde mens ken wat jy nog nooit gesien of van gehoor het nie. Jy leer slegs iemand ken as jy in kontak kom met hom of haar.

Net so is dit met God! Ons kan Hom alleen ken en leer ken as ons in kontak kom met God ... as ons aan Hom bekend gestel word . . . as Hy met ons kommunikeer.

En hoe gebeur dit?

Op twee maniere: Deur Sy Woord . . . die Bybel en deur Sy Skepping.

As ons dus oop oë kyk na die Skepping, sien ons God raak . . . As ons oop oë kyk na die Bybel sien ons God raak . .

En só doen ons kennis van God op . . . leer ons Hom ken . . . leer ons Hom vertrou.

As ons God dan ken kan ons onself ook eers regtig ken, want teenoor Sy majesteit, staan ons in nietigheid.

Teenoor Sy grootheid, is ons klein.

Teenoor Sy ewigheid, is ons sterflik.

En kennis bring begrip . . . en vertrou . . . en liefde.

Dus is die vraag: Ken u God ten volle? Gaan leer Hom ken deur Sy Woord en skepping!

— **Ds. Nico Ligthelm**

God is altyd daar

Beproewing!

Seker dié een saak wat *elke* mens ken en beleef: om beproewing te deurworstel.

En juis dán vra ons soveel vrae . . .

- vrae van: hoekom Here?
- waarom?

Want dit lyk soms asof God nie daar is nie —

- As 'n tornado 'n hele dorp omkeer . . .
- As ons besittings weggespoel word deur vloede . . .
- As jare en jare se droogte alles bly verwoes . . .
- As klein kindertjies met kanker moet worstel . . .
- As mense in motorongelukke vermink word en verlam daar uitkom . . .

Waarom? . . . en hoekom?

Die apostel Jakobus sê in die Bybel

- Dit is om ons geloof te toets (Jak 1:3)
- Dit is om ons geestelik ryp te maak (vers 4)
- Dit is om ons voor te berei op die ewige lewe (vers 12).

Want die woordjie "beproewing" beteken:

- "om te toets"
- "om te louter"
- "om sterk te maak"

En só toets en beproef God Sy kind om jou juis vas en styf aan Hom te verbind,

. . . om jou op jou knieë voor jou Hemelse Vader te hou

. . . om jou sterk te maak in die geloof

. . . om jou voor te berei vir die ewige saligheid!

En al verstaan ons dit nie . . Jakobus sê ons moet *daaroor* baie bly wees (Jak 1:2).

- Want dis die bewys dat God altyd daar is;
- Hy weet van beter;
- Hy beskik oor dit wat ek nie kan begryp nie.

Die Bybel is tog vol daarvan:

Jakob vra: Waarom is Josef dood?

- sy liefingseun is verskeur deur wilde diere
- waarom . . . Jakob begryp dit nie!

Maar - Josef is nie dood nie . . Hy lewe . . . Hy's onderkoning in Egipte

God het beproef, maar tot redding van sy volk.

Of Job wat daar op die ashoop vra: Waarom o Here?

- al my kinders is dood
- al my besittings geroof
- en ek . . . so siék en diep bedroef?

Maar God buig dit om tot vreugde:

"Die Here het die einde van Job se lewe voorspoediger gemaak as sy begin" (Job 42:12).

Of Jesus Christus . . . Hy hang aan die kruis van Golgota en vra: "My God, my God, waarom . . . waarom het U My verlaat?"

- Geen antwoord word gegee nie!

Maar God doen dit tot heil en saligheid van elke kind van Hom . . .

- ook ter wille van jou!

En as jy, my vriend of vriendin, nie vandag verstaan waarom God j^óú so diep beproef nie . . .

Weet dit: God is met jou besig . . .

Hy sal jou krag gee . . .

Hy sal jou hand vat . . .

Hy sal jou voortlei deur Sy wonderlike Raadsplan....

en ná die dag van aardse stryd, jou opneem in Sy heerlikheid (Ps .73).

Glo jy dit?

Sterkte in jou beproewing.

— ***Ds. Nico Ligthelm***